Publication: Sake (Beeld)
Date: 07 Apr 2017
Page: 16

# Sakemisdaad se besige April-seisoen lê voor

**Vida Booysen**

Die volgende spitsseisoen vir misdaad by winkels is op ons. Naas Desember is April die maand waarin sakeondernemings die meeste deurloop onder misdaad soos gewapende rooftogte, sê Richard Phillips, mede- uitvoerende hoof van Cash Connect Management Solutions.

"Ons kan met redelike sekerheid 'n styging in sakemisdaad in April verwag wanneer verbruikers met vakansie gaan en die hoeveelheid kontant by kleinhandelaars landwyd toeneem," sê Phillips.

R15 miljoen is reeds aan die begin van die maand in 'n reeks transitorooftogte gebuit, sê die Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum (Sabric). Phillips waarsku dat dit dalk net die voorspel van nog misdaad teen die sakesektor kan wees.

"Misdadigers word ongetwyfeld slimmer en meer vasberade in hul metodes, soos die algemene gebruik van plofstof in rooftogte by sakeondernemings aandui."

In 2016 het die gebruik van plofstof om kluise of geldhouers oop te dwing met 400% toegeneem. Dis ook duidelik dat rooftogte toeneem met 'n styging van 150% verlede jaar in die kleinhandelsektor.

Phillips waarsku dat veral winkels wat groot bedrae kontant op die perseel het of wat 24 uur sake doen in booswigte se visier is.

Veiligheidskenners meen dat rooftogte baie versigtig deur misdaadsindikate beplan word en dat hulle soveel inligting oor hul teiken insamel as wat hulle kan.

"Dit is kommerwekkend dat 90% van die aanvalle op sakeondernemings met die hulp van werknemers of kontakte verbonde aan die onderneming uitgevoer word. Die misdadigers weet meestal presies waar die geld gebêre word en wanneer die kontantvlakke op hul hoogste is."

Die jongste neiging is dat sindikate in groepe van ses tot 12 gewapende mans aanval en dat die wegkommotors nie meer reg voor die onderneming geparkeer word waar die veiligheidskameras hulle gewaar nie.

## Skerp styging in misdaad teen sakeondernemings

**20 000**
gewapende aanvalle teen winkels in 2015-'16 aangemeld

**150%**
Styging in rooftogte by winkels in 2016





**400%**
Styging in gebruik van plofstof om kluise oop te dwing

**50%**
van alle aanvalle is gewapende rooftogte



**54**
Die gemiddelde getal gewapende rooftogte per dag by winkels in SA

Bron: Cash Connect en Nasionale Misdaadstatistiek

CP, Grafika24

This material has been copied under a DALRO licence and
is not for resale or retransmission